# DIE WAARDE VAN INTERNASIONALE KONFERENSIES : LESSE VIR SUID-AFRIKA VAN DIE ASSOCIATION OF COLLEGIATE SCHOOLS OF PLANNING (ACSP) PORTLAND, OKTOBER 1989

*PROF. WALLACE VAN ZYL*

*Hoof van die Departement Stads- en Streekbeplanning, UOVS, Bloemfontein*

Die doel van hierdie kort berig is tweedelig, naamlik:

(a) Om bywoning van Internasionale Konferensies aan te moedig.
(b) Om idees vir groter akademiese kontak en die uitruil van beplanningsnavorsing binne Suid-Afrika te genereer.

**Die ACSP-konferensie en sy gehoor**

In teenstelling met Suid-Afrika se sewe departemente, bestaan daar oor die 60 beplanningskole in die VSA. Reeds in die Vyftigerjare het die behoefte aan 'n eiesoortige nasionale liggaam vir beplanningskole aanleiding tot die stigting van die ACSP gegee. Dit het die gebruik geword dat ACSP jaarlikse byeenkomste in 'n verskeidenheid sentra in Noord-Amerika reël, en Portland was juis sy 31ste.

Die doel van die konferensie is dus die uitruil van informasie oor die skole, hul personeel, studente en sillabusse en lopende navorsing verwant aan stads- en streekbeplanning. Daar is sprake van 'n unieke byeenkoms van opvoedkundige spesialiste en professionele praktisyns wat direk op onderrig, navorsing en publikasie betrekking het. Oor die 400 persone hoofsaaklik uit Noord-Amerika het dit bygewoon, maar daar was ook akademici uit Engeland, Holland, Duitsland en Australië daar. Weens sy puik stadsontwerp en mooi natuur, was Portland die ideale stad vir hierdie konferensie, met die plaaslike universiteite as gashere, en die moontlikheid van ekskursies na die Columbia-rivier of langs die kus.

In hul briewe het die organiseerders 'n belangstelling vir internasionale tendense en ontwikkelende lande getoon. Meer spesifiek, in sy navorsing het die skrywer 'n besondere klem op lae-inkomste behuising binne die groter raamwerk van SA se verstedeliking laat val en dit is as geskikte onderwerp deur die organiseerders aanvaar.

**Temas en Werkswyse**

'n Wye verskeidenheid temas, vanaf die gebruik van die rekenaar tot die rol van die vrou in beplanning is behandel. In statistiese terme was daar 'n gemiddeld van 25 temas elke dag versprei oor drie dae, waarby minstens vier sprekers by elk betrokke was. Selfs ontbyt en middagete is ingespan om sprekers 'n platform te gee! Omdat daar dikwels vyf referate tegelyk aangebied is, moes 'n mens tussen "botsende belange" kies. Die gehalte van referate was nie altyd voorspelbaar nie en die gevaar het bestaan dat of interessante temas of boeiende sprekers misgeloop kon word.

Dit was moontlik vir omtrent die helfte van alle kongresgangers om 'n kort referaat te lewer. Vir iemand gewoond aan die kleiner, konserwatiewe maar meer deeglike Suid-Afrikaanse beplanningsgemeenskap was hierdie "supermark van idees en mense" boeiend, verrassend en leersaam. 'n Blitskursus wat 'n mens weer op hoogte van sake bring.

**Referate en Bydrae**

Ter illustrasie kan net 'n paar hoogtepunte genoem word. Op die eerste dag is die twee gekose onderwerpe naamlik Toekomsstudies en Internasionale Beplanning as vakke in die kurrikula van beplanningskole bespreek. Die moeilike futurisme of toekomsstudies is bevredigend en kontrasterend deur Proff Howard (teoreties) en Fuller (prakties) aangebied. In die Colloqium oor Internasionale Beplanning onder leiding van Prof Noe (Cincinnati) kon die skrywer wonder of dit in Suid-Afrika op universiteite altyd sinvol aangebied word. As gevolg van ons vroeë geskiedenis weet ons minstens iets van die Britse stelsel en sy wetgewing, maar baie min oor Wes-Europa of die Verre Ooste. Ons is ook gebonde aan die Engelstalige literatuur, en Duits of Frans is 'n geslote boek.

Op die tweede dag (Vrydag) het die onderwerp "voorgraadse studies in beplanning teenoor nagraads" lewendige debat uitgelok. Dit is 'n ope vraag of 'n twee-en-twintigjarige student met 'n B-graad die nodige rypheid, praktiese- en lewenservaring vir professionele beplanning besit. Aan die ander kant is daar in Suid-Afrika 'n dringende behoefte aan die opleiding van paraprofessionele kragte onder anderskleuriges. Geen konsensus is bereik, maar dit is 'n onderwerp wat openlik in Suid-Afrika bespreek moet word, veral in die lig van 'rasionalisasie' en die amibsies van die technikons.

Skrywer se bydrae is op die Saterdagoggend onder die opskrif "Behuising: die wisselwerking tussen kulture" gelewer. Daar was 3 sprekers naamlik Proff Moudon, Yaziciogu en van Zyl en die voorsitter was 'n Indiër, Prof Chatterjee, Dekaan van die Universiteit Cincinatti. Prof Moudon het eers 'n teoretiese uiteensetting van hoe sy die behuisingsproblematiek sien, gegee.

Skrywer het die demografiese en ekonomiese faktore wat lae-inkomste behuising in SA beduiwel, geskets asook die agtergrond van 'n landelike bevolking wat verstedelik en wat werk

en skuiling op die rand van blanke stede soek. Omdat die "mark" nie in lae-inkomste behuising belangstel nie, is massiewe self-help en informele nedersettings moontlike oplossings. Kleurskyfies van voorbeelde en navorsingsprojekte in Suid-Afrika is vertoon en die werk van liggame soos die Stedelike Stigting is bespreek. Dit was beslis sterk medisyne vir die middelklas, blanke gehoor, wat baie van hierdie probleme nie ken nie.

Omdat die program so vol was, is te min tyd vir behoorlike bespreking en debat oorgelaat. Dit was egter moontlik om gesprekke met ander navorsers na die referate te voer, en die onkunde wat hul oor Suid-Afrika getoon het, getuig van die belangrikheid van persoonlike kommunikasie en kontak om minstens die feitlike toestande te skets.

Ten spyte van die VSA se welvaart, was dit opvallend dat sy behuisingsprobleme nog onopgelos bly, wat uitdrukking vind in protesoptogte in Washington, Oktober 1989. Tog sal ons beplanners kennis moet neem van mense se drang na groter seggingskap in en bestuur van lae-inkomste behuising.

**Gevolgtrekkings**

Die waarde van internasionale konferensies kan soos volg opgesom word:

1. Die grootskaalse uitruil van navorsingsresultate tussen stedelike spesialiste word bevorder, m.a.w. 'n supermark van idees
2. Kennismaking met kollegas en hul werk geskied jaarliks, gerieflik en ekonomies op een plek.
3. Miskien kan Suid-Afrika se akademiese isolasie (beide binne- en buitelands) die beste deur 'n proses van persoonlike kontak afgebreek word! Die proses word deur die Engelse woord "networking" pittig opgesom.
4. As gevolg van persoonlike kontakte wat in Duitsland en die VSA opgebou is, is dit waarskynlik dat 'n paar navorsers van oorsee Suid-Afrika in die toekoms sal besoek.

Weens die lae waarde van die Rand weeg die reis- en verblyfkoste in die buiteland buitengewoon swaar en 'n akademikus se reisprogram moet dus maksimum voordeel uit sy verblyf oorsee put. Om hierdie rede, bo en behalwe die bywoning van konferensies, stel die skrywer ook voor dat besoeke aan plaaslike universiteite of navorsingsinstansies gereël word. Byvoorbeeld op pad Amerika-toe moet 'n mens tog 'n "stopover" maak, en daarom is 'n kort periode in Wes-Duitsland deurgebring.

Omdat daar groot belangstelling onder akademici en beplanners oor die ontwikkelings wat in Suider Afrika plaasvind, is die skrywer uitgenooi om colloquia met kollegas te hou. Behalwe sy privaat gesprekke, is die skrywer gevra om een formele lesing oor Behuising in Suid-Afrika in Duits aan te bied!

Weens die beperkte omvang van ons beplanningsopleiding, kan nie verwag word dat 'n groot invloedryke liggaam soos die ACSP hier gevorm sal word nie. Terwyl akademici wel 'n rol op nasionale konferensies van die SAISS speel, wil ek graag die volgende voorstelle vir kommentaar aan lesers voorlê:

a. Dat 'n deel van toekomstige SAISS-konferensies vir 'n tipe Akademiese Indaba opsy gesit word, of
b. dat die jaarlikse vergadering van Departementshoofde in Johannesburg gepaardgaan met 'n seminaar waar elke universiteit 'n bydrae kan maak, of
c. dat een van die universiteite jaarliks as gasheer vir 'n onderwys- en navorsingseminaar optree.